# Oor kinders se deelname aan die nagmaal?

**Berg-en-Dal gemeente: Kerkraadsvergadering**
**20 Februarie 2022**

Martin Laubscher

Dankie vir die geleentheid om ŉ gesprek hieroor te kan voer. Die wát van ons gesprek is belangrik, maar só ook (veral!) dát ons daaroor kan praat. Vir beide – wat ter sake is, en ook nou ter sprake is – het ek groot waardering voor. Dankie.

Ek vermoed wat nou op die tafel is, dui op iets anders as wat die gemeente oor jare heen sou ken. Ná die besluit van die Algemene Sinode in 1998 om wel in beginsel "kinderkommunie" goed te keur en kinders se insluiting by die tafel op verantwoordelike wyse aan te moedig (wat onder meer beteken: ouers, gesinne, geloofsgemeenskappe omarm en beliggaam hul doopbeloftes en verantwoordelikhede nog meer ten volle), kon gemeentes wel nog op ouer weë bly wandel. Sommige gemeentes, soos ek ook aflei die geval was in Berg-en-Dal, het inderdaad bly oordeel dat jy jou plek aan die tafel eers ná belydenisaflegging sou kon inneem. Hierdie gebruik van ons mag dalk nou sedert 1998 ŉ minderheidsposisie in die NG Kerk veronderstel, maar dit het weliswaar ŉ lang tradisie en geskiedenis aan sy kant. Ek het dus baie respek vir die erns en toewyding waarmee hierdie oortuiging oor jare gehandhaaf is.

En tog, met respek gesê, weet ek ook van ŉ lang tradisie binne die einste kerk waarin belydenisaflegging as "boerematriek" bekend sou staan, en laasgenoemde as lisensie/paspoort tot die tafel gesien was. Soos ŉ lidmaat dit destyds aan my verduidelik het in die eerste gemeente waar ek werksaam was: vir ŉ kind om aan die tafel te kom sit voor belydenisaflegging, is soos om saam met iemand in die bed te spring voor die huwelik. Vanuit my vakgebied (liturgiese studies, asook dogmatiek) is daar verskeie belangrike gedagtes wat ek dink ons oor verder sou kon nadink en gesels. Kortom, teen bogenoemde beperkte en uiteraard subjektiewe agtergrond, bied ek graag die volgende paar inleidende stellings met (ŉ eerste meegaande omskrywing) aan vir verdere nadenke en oop gesprek.

## 1. Die liggaam ken (snap of onthou) nog lank vóór of ná die verstand registreer

Daar word dikwels na Johannes Calvyn verwys wie – kontra sy tyd – ŉ voorstander was van gereelde (weeklikse) viering van die nagmaal, en een van die redes hiervoor wat ek dikwels in literatuur teëkom, is "sodat die kinders dan ook die preek sal kan verstaan". Enersyds sou ek hier kon ingaan en verduidelik hoe belangrik die verband/verbondenheid (lees: eenheid) tussen Woord-en-Sakrament vir ons is, menende dat wie ook al dié een glo (Woord), ook die ander kan smaak (Nagmaal). Hierdie gedagte van die één Woord (wat Sakrament insluit; beide het dieselfde inhoud) is ontsettend belangrik, en tog is die gedagte oor die relevansie van Calvyn se opmerking moontlik op ŉ ander nou verwante punt. Die eerste belangrike punt kom myns insiens ten diepste om die volgende neer: *Kinders aan die nagmaalstafel sal sekere Christelike waarhede nog verder kan ontdek en snap – en vier – nog voor hul dit noodwendig kan artikuleer en verstaan.* Trouens, dit geld eintlik nie net van kinders nie, maar van ons

almal. Kinders baan sodoende eintlik dit weg vir ons om self tot groter insig en waardering te kom vir die geheimenis in die nagmaal. Kortom, ritueel gaan artikulasie vooraf.

Verstaan my asseblief reg: verstaan is belangrik, maar ’n eng blik op verstaan as sodanig verstaan eintlik self nog nie lekker nie. ’n Nougesette blik op “verstaan” as vereiste tot die nagmaal, sal myns insiens in beginsel sukkel om die voller en groter geheimenis van die nagmaal na behore te waardeer (en natuurlik “te verstaan”). Kognitiewe artikulasie en intellektuele verwoording van kennis kan nie die alfa en omega van ons kennis wees nie. Gemeenskap met die liggaam van Christus is immers met die *liggaam*, en met die “*liggaam* van Christus”, wat immers weer op ’n nog voller en gelaaide *liggaam* dui. Die punt hier is dat ons liggame veel meer bevat as slegs rede en verstand. Kennis word nie net gesetel/gestoor/geberg in die rede nie, maar in die volle liggaam (met al sy sintuie en dele) – en dan nog soveel te meer indien dit handel om die liggaam van Christus.

Kom ek benader bogenoemde punt vanuit ’n ander hoek en stel dit soos volg: dit is nie asof ons hiermee met kennis wegdoen nie, inteendeel. So gestel wil ons eintlik nog veel hoër en meer omvattend daaroor nadink. Ons wil eintlik nog meer verstaan van verstaan. Die kwaliteit van geloofsvorming vervlak nie hiermee nie, inteendeel. Wie kennis so verbeel, weet dat die kennis impliseer dat ons wil ken en her*ken*; ken en er*ken*; ken en be*ken*; ken en selfs be*ken*dmaak; ken en er*ken*tlik wees (wat natuurlik alles beliggaam word in die nagmaal)! Die hele idee van “om te verstaan” moet dalk eerder as die gevolg/vrug van die nagmaal gesien word, as noodwendig die voorwaarde tot deelname.

(Ek wil later meer ingaan op die idee van die sakramente wat eintlik nie daar is *omrede* ons glo, of *vanweë* ons glo, of *omdat* ons glo nie, maar veel eerder *sodat* ons kan glo. Let wel, beide is ter sake, en tog dink ek die aksent is op laasgenoemde met die genademiddele wat aan ons geskenk word as *gawes* wat ons versterk en voed *sodat* ons kan glo en leef. Daar is niks waarop ons eintlik kan aanspraak maak en sodanig “*claim*” as rede waarom ons nou eintlik waardig bo ander dele in die liggaam sou wees om aan die tafel te kom aansit nie. Al wat ons het, en dit deel ons ook met ander dele in die liggaam, is ons onwaardigheid (wat ons waardig maak), en die leegheid van ons geloof (wat gevul is met Christus). Ons bring niks na die tafel nie, buiten die gawe van geloof wat ons ontvang het. Trouens, dit is nie ons wat die gawe van geloof na die tafel bring nie, maar eerder die gawe van geloof wat ons na die tafel bring. Ons almal staan bakhand in dieselfde “broodlyn” om by die feesmaal van die tafel te gaan aansit.)

Terug by die punt hierbo: ons verstaan van kennis benodig in die geloof nog verdere verruiming, en die nagmaal met sy eiesoortige geheimenis van geloofskennis dra seer sekerlik daartoe by. In kort: eet en drink, en jy sal dan (nog meer kan) verstaan. Wie God só leer ken, ken allerlei vorme van *ken*nis (er*ken*ning, her*ken*ning, be*ken*ning, er*ken*tlikheid, be*ken*dmaking). Of, nog beter, kort en kragtig gestel: ons word eintlik geroep om meer volkome te word/is wat ons eet en drink. Die ganse Christelike lewe/liturgie word aan ons geskenk in die gawe/drama van die nagmaal. Alles staan daarin vir ons geskryf, en selfs ons kinders (of, nog beter, “die kindertjies wie nie verhinder moet word nie”) is daarin ingeskryf. Dit is tot hul en óns verlies indien hul nie kan saam speel in die drama van die nagmaal nie.

ʼn Gereduseerde en verskraalde definiëring van kennis as blote kognitiewe teorie en intellektuele inhoud is nie meer houdbaar nie. Ek sê nie kom ons doen daarmee weg nie, maar wel dat daar dikwels in die hart redes skuil waarvan die verstand (nog) nie weet nie. Die setel van ons kennis is nie in die verstand/rede nie, maar dalk veel eerder in die hart. Geloofskennis is nie koue kliniese feite nie, maar verhoudingsmatige en beliggaamde waarhede. Waarheid vir gelowiges draai nie primêr om teorie nie, maar om die beliggaming (belydenis) daarvan in aanbidding (viering). Die primêre vraag vir deelname in die liturgie/tafel is nie wat ons weet nie, maar wie en wat begeer en soek ons (en daaruit sal vrugbare kennis kom). Waarvan die hart en maag dan van vol is (en van getuig), sal die mond en kop dan kort voor lank ook van oorloop (en van getuig).

In meer tegniese vaktaal dink ek hier veral aan frases soos "beliggaamde kennis" en "geritualiseerde epistemologie" wat eintlik niks anders wil kommunikeer nie as dat bepaalde rituele ons van vroegs af vorm/skool/onderrig in die ABC van die Christelike lewe. In die nagmaal is ons lewens gestempel sodat ons van "nature" begin ken en verstaan waaroor dit eintlik gaan. Die doen en late van die nagmaal is die doen-en-late vir die lewe as sodanig. Brood en wyn is bedoel as moedersmelk, stapelvoedsel, en "daaglikse brood" vir Christene.

ʼn Volle(r) sintuiglike en liggaamlike ervaring van die sakramente help om die groter teologiese geheimenis vir ons ons te ontsluit. "Ruik en proe die goedheid van ons Heer!" Geloofsvorming as sodanig is nie net kognitief van aard nie, maar setel in "thick practices/rituals" wat ons met ons liggame ondergaan. En selfs al verstaan ons, selfs al verstaan ons dit baie goed, is en bly die inhoud en wese van die nagmaal altyd heelwat meer as wat ons noodwendig daarvan (kan) verstaan. Verstaan verander so in verwondering en begeerte vir die koninkryk van God.

Ten slotte, op hierdie eerste punt, ʼn paar beelde om bogenoemde gedagtegang mee te illustreer: enige persoon wat iets van "long distance running" weet, sal baie vinnig wys op die verskil tussen die lees van *Runner's World*, en die hardloop van die *Comrades* self. *Runner's World* is goed om te lees, maar dit is nog geen *Comrades* (of enige ander wedloop) nie. Lewe agter die boeke is goed, maar dit is tog selde die eintlike punt. As jy die *Comrades* wil hardloop (en die Christelike lewe wil leef), moet jy maar kort voor lank jou tekkies aantrek en op die pad kom (en met ander woorde by die tafel jou plek vind en kom aansit ... en word wie ons is!) En onthou, ons "Comrades" in die geval vereis nie ʼn spesifieke jaartal of ouderdom nie, maar slegs kennis-en-begeerte om dieper in ons doop-identiteit in te leef en mee te hardloop. ʼn Mens kan ʼn perd ook net solank op stal hou! Of, vat nou maar net *chefs* (kokke), of enige mens wie lief is vir kosmaak: ʼn mens kan ook net soveel resepteboeke lees en video's van kosprogramme kyk, want die eintlike *proof* (genot) is in die poeding/*pudding* self. Kom in die kombuis, maak die kos self, proe dit, en word/wees wat ons geroep is om te doen en te wees. Of, dalk nog beter, wie ook al wil leer om te swem, moet verkieslik so gou as moontlik die pawiljoen/skoolbank verlaat en inspring, want dit is al hoe jy leer. En hoe vroeër en jonger ons leer om te swem, hoe beter. Kortom, ons leef en leer veral deur "boots and all" in te spring en Christelike praktyke ten volle te beoefen – en selfs uiteindelik te word wat ons doen!

Ons verstaan dikwels eintlik eers wanneer ons dit begin doen, as jul verstaan wat ek bedoel. Geloof wil gedoen word, beleef word, deelneem – en dan veral ook nog in voller en groter gemeenskap. Wie gedoop is, en daarom reeds ingelyf is in die liggaam, smag kort voor lank

na meer vaste kos en dieper gemeenskap om sodoende hul inblywing en voortgaande getuienis en belydenis na behore tot uiting te bring. Deur hul hiervan te ontneem of te weerhou, is voorwaar tot hul en ons eie nadeel (wanvoeding). Om dit prontuit te stel: deur kinders van die nagmaal te weerhou, maak ons vreemd genoeg nie meer daarvan nie, maar ongelukkig op soveel vlakke juis minder daarvan. Nie net ly hul wie uitgesluit word nie, maar ook dié wie hulself insluit sonder die ander. Kortom, waar ook al ʼn deel van die liggaam mis*ken*-en-ont*ken* (!) word (in die naam van ʼn bepaalde soort van "kennis"), ly die volle liggaam daaronder.

2. **Sakramente (genade-middele) is nie primêr aan ons geskenk "omdat" ons glo nie (of vanweë of omrede ons glo nie), maar ten diepste eintlik *sodat* ons geloof in die Woord gevoed kan word.**

3. **Die eintlike punt is dalk nie kinderkommunie nie, maar belydenisaflegging as liturgiese handeling wat soekend is na goeie teologie.** Belydenisaflegging – en op die punt dan sommer ook volwasse-en-voortgaande kategese – se plek in die groter verhaal van geloofsvorming en die weg van dissipelskap benodig ʼn herkalibrering.

4. **ʼn "Ja!" vir kinders se deelname aan die nagmaal het ʼn verdere effek, naamlik die versugting na ʼn meer gereelde/weeklikse (en meer verbeeldingryke) viering van die nagmaal.** Daar is ʼn ontsettende belangrik band/brug tussen hierdie Tafel en alle anders tafels waarby ons deur die loop van die week by aansit (en ek weet nie altyd of daardie verbandlegging in die praktyk realiseer nie).

5. **Maar eet en drink die kinders (en ouers) nie só ʼn oordeel oor hulself nie? Vreemd genoeg, juis nie ... die oordeel het dit juis daaroor dat ons juis nie sonder die geringstes wil eet-en-drink en feestelik verkeer nie.** Kortom, onderskei die liggaam van Christus, en waarop dit ten diepste neerkom.

6. **So daar is inderdaad ("darem") nog drempels en *fences*/drade om die tafel, maar dit word weliswaar anders verbeel en verbeeld.** Hier het ons inderdaad ʼn voor*smaak* (en *voor*smaak) tot die bruilof en feesmaal in die koninkryk van God.